



2de kwartaal 2015

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

Nuusbrief – Feb/Mrt 2015:

Gister was die einde van 2014 en 2015 gallop vinnig voort ... Snaakse dinge, die Nuwe jaarwense wat ons maak, dinge wat ons droom en graag sal wil bereik, dinge wat vir ons belangrik is. My gebed vir jou is dat dit 'n spesiale ontdekkingsreis sal wees om God se liefde vir jou persoonlik te ervaar en te verstaan. Mag die wonder daarvan jou menswees nuut maak en met vreugde en oorwinning vul.

"You have been chosen by God.

You are loved by God the Father.

You are kept safe by Jesus Christ."

Judas 1

Die afgelop drie jaar het baie dinge gebeur en sekere gebeure aan die einde van 2014 het dit tot 'n positiewe spilpunt gedryf. Die vraag wat in my hart was, was "Here wat nou, wat is U droom vir my?" Saam met die vraag het daar spontaan soort van 'n gedig in my hart gevorm

The woman sits in a cage

Hugging her knees... a resting place for her head

Tears flow as pain and aloneness floods her being

Depression forcefully put its hands around her heart

Trying to murder hope, love and joy

A touch of Light gently enters the space

It shines on the key in the lock

Perfectionism, Perseverance, Diligence, Love...

Locked the door

She herself holds the key to freedom

As she turns the key the Light rekindles her being

Love and joy dance a song of freedom and renewal

Na baie gesprekke is ek nou besig om 'n nuwe seisoen in my bediening binne te gaan. Ek bid dat ons nog sal kan hande vat om saam die toekoms in te stap.

VERITAS NETWORK KAMBODJA

Van gister...

Jare vlieg met 'n spoed in 'n oogknip verby en laat mens met verwondering vra hoe is dit moontlik? My oorspronklike beplanning was om 5 jaar in Veritas Netwerk Kambodja te dien, dit het ongesiens 10jaar geword. Perfek wou ek die bediening gehad het voordat ek oorgee aan die Khmer – wat 'n simpel droom en futiele visie was dit nie, niks hier op aarde is perfek nie....

Ek het bedank by Veritas en maak so aan die einde van April 2015 klaar. Saran werk ook nie meer vir Veritas Netwerk Kambodja nie. Hy is nou by YWAM en is baie opgewonde oor sy nuwe bediening. Al die manne saam met wie ek die afgelope jare gewerk het bly vriende. Uit die aard van my verhouding met hulle sal julle nog nuusbrokkies oor hulle op persoonlike vlak ontvang Ek sal egter geen nuus oor Veritas Kambodja kan deel nie; Sou jy by Veritas Kambodja betrokke wil bly (finansiële, gebed of nuusbriewe ontvang) kontak asseblief vir Ds Ivan Skinner by ivan@veritascollege.org.

Van gister na nou en môre ...

Kambodja en haar mense is nog steeds my roeping

Dit is slegs deur God se genade en julle saamstap dat ek nog steeds in Kambodja mag/kan dien

BEDIENINGS

Nie meer Veritas Bediening wat nou

ASIAN HOPE INTERNASIONAL

Deur God se genade het Hy nog elke keer as ek aanbeweeg na nuwe bediening dit op my hart gesit en die pad voorberei. Ek glo dit is waar God my die volgende paar jare sal gebruik. Ek is sodra alles by Veritas afgehandel is net by die skool betrokke, 'n groot voordeel is dat ek ook 'deur hulle 'n 'non profit' NGO 'n visa sal kry.

Voeding skemas

Geen verandering – gaan nog steeds voort

Sok – Prek Pcoam

32 Kinders kry nog steeds kos en skoolgeld.

BID EN LOOF ASB SAAM

Veritas: Sok, Vanna en Boret – aanpassing by nuwe take en leierskap struktuur

Bamboo Shoot Voeding skemas: Loof die Here vir die kontinuïteit van dié bediening. Die R/\$ wisselkoers is sleg en die beïnvloed ook die bediening. Dit is net nie moontlik om die geld meer te rek sodat daar genoeg fondse vir die bedienings is nie. Bid asb vir nog donateurs. US\$15 'n persoon/per maand

AHIS: Dank God vir nuwe bediening. Voorbereiding vir skoolverpleegkunde o.a eerste hulp kursus.

CORNE DU PLOOY skryf uit FRANKRYK

Nuusbrief Februarie 2015

1965-2015 : Celebrating the past, building the future. Dit is ons tema vir die 50ste bestaansjaar van die gemeente – die 1ste evangelisasie- pogings is reeds in 1949 begin. Die naweek v Hemelvaart 16-17 Mei het ons gekies om die verjaarsdag te vier. Ons probeer om die vorige predikante (wat nog leef) te kontak en uit te nooi, asook vorige gemeentelede. Ons hou ook 'n saamtrek van ons streeksgemeentes en ons nooi ook ander denominasies uit. Die Saterdag en die Sondag word dan afgesluit met 'n Gospelkonsert. Ons wil, veral deur d konserte, uitreik na die mense in die omgewing. Ons wou 'n groot konsert reël in die stadsaal maar die Stadsraad het nie toestemming daarvoor gegee nie.

7 Februarie 2015: In d *middel* van winter het 'n paartjie in d gemeente besluit om te trou : sy 59jr en hy 82jr ...! Die voorbereiding was interessant, bv. hy wou al 22h in die bed wees ... omdat hy te “moeg” sal wees...

1 Maart: Rice, 'n 15jarige seun, het gevra om belydenis van geloof af te lê. 'n Nice geloofscommitment.

13-15 Maart 2015: Algemene Sinode : ons is besig om ons sinodale strukture heeltemal te verander. Gedurende die streeksinodes in November is die eerste fase vd veranderings aanvaar en dit moet nou op nasionale vlak aanvaar word. Ons gaan ook 'n verklaring rondom homoseksuele huwelike aanvaar. Ons word die afgelope tyd deur sekere gemeentes van 'n ander denominasie, wat homoseksuele huwelike goedkeur, genader om deel van ons denominasie te word.

Nuwe bedieningspunt gestig: Sedert begin Februarie het ons 'n nuwe bedieningspunt in 'n naburige dorpie gestig. Op die oomblik is daar 5 mense wat elke 2 weke bymekaar kom en ons bid dat hulle ook ander sal uitnooi.

Gesin: Die gaan goed met almal : elkeen kry maar om die beurt geleentheid om siek te wees. Die verskillende aktiwiteite vd kinders hou ons besig. Claire, wat hierd jaar huisskoolonderrig by haar ouma kry, hou ook besig. Die heen-en-weer geryery is uitputtend en die finansiële kostes is nogal hoog. Ons weet nog nie waar ons die kinders in Septembermaand moet skolariseer nie.

MOSAMBIEKSENDING

SLUITING VAN GURUE RADIOBEDIENING / HERVAT VAN ONDERSTEUNING AAN ALLEN EN ANSIE VAN DER MERWE

E-pos ontvang vanaf Blackie Swart – 2 Maart 2015

Ek stuur hierdie laaste verslag na almal wat op een of ander wyse by die Gurue radiobediening betrokke was.

Vir diegene wat nog nie weet nie, die radiobediening in Gurue is beëindig en die ouditeure opdrag gegee om die proses in werking te stel om die GRM maatskappy amptelik van die register van maatskappye af te haal. Hieronder is ook 'n oorsigverslag van die radiobediening se aktiwiteite in die tydperk 2000/2014.

'n Groot DANKIE aan elkeen vir gebede, finansies, bemoediging, gasvryheid en liefde op welke wyse ookal. Ons verstaan dalk nie vandag hoekom die bediening beëindig is nie, maar soos Paulus aan die Korintiërs geskryf het, ons ken nou ten dele, maar eendag sal ons ten volle ken soos ons nou ten volle geken word deur God. Mag ons Hemelse Vader u elkeen ryklik seën vanuit die rykdom van Sy seëninge en Sy goedheid en guns oor u gebied.

Afsluitingsverslag – 2000/2014

1. BELANGRIKE DATUMS

2000 Visie word gebore tydens besoek aan Welmans in Gurue.

2002 Gurue gemeenskapsradiostasie kom tot stand.

2004 Omwiwa Yesu Bestuurskomitee word gevorm.

- 2005 Anthonie Welman en gesin keer terug na SA.
Allen en Ansie v/d Merwe gaan na Gurue.
- 2006 United Christian Broadcasters (UCB) Africa raak betrokke.
GRM maatskappy (Art.21) kom tot stand.
- 2007 1ste program word uitgesaai.
- 2012 Allen en Ansie v/d Merwe vertrek uit Gurue einde Des.
- 2013 Dirk v/d Spuy neem Allen se plek in vir 3 maande en keer terug na SA.
Bediening benodig plaasvervanger vir Dirk.
Inbraak in Des. by die opname ateljee bring alles tot stilstand.
- 2014 Toerusting word vervang – 4 maande geen uitsendings.
Hernude pogings om bekwame ateljeebestuurder te vind steeds onsuksesvol.
Swak kommunikasie vanaf Gurue lei tot besluit om bediening te sluit (Okt).

2. INKOMSTE EN UITGAWES

	NG Riet	NG Stil	UCBAfrica	Ander	Inkomste Totaal	Uitgawes Totaal
Krediet					72213	
2007/8	6000	12000	8000	22476	48476	63253
2008/9	6424	12100	16000	27937	62461	82145
2009/10	10004	14400	44000	50668	119072	89581
2010/11	9757	17400	36000	52465	115622	94314
2011/12	9974	13200	0	26800	49974	86580
2012/13	12486	16000	64407	18250	111143	156948
2013/14	39250	1400	15000	5250	121150	79420
2014/15	16000	9600	57578	49087	132265	156198
TOTAAL	109895	109100	240985	300183	760163	808439
	14%	14%	32%	40%	832376	23937

3. NUUSBRIEWE

Altesame 36 nuusbriewe is 2-maandeliks uitgestuur. Die doel daarvan was om die ondersteuners in te lig oor al die verskillende aspekte van die bediening met besondere klem op die resultate wat die bediening gelever het. Min, indien enige, terugvoering is egter van ondersteuners ontvang wat die kommunikasie grootliks eenrigting gemaak het. Baie frustrasie is beleef weens onvoldoende berigging vanaf Gurue wat uiteindelik daartoe bygedra het dat die bediening gestaak is.

4. BESOEKE

Verskeie besoeke is oor die bedieningstydperk aan Gurue gebring om die vordering te evalueer, ondersteuning te gee, eerstehandse kennis te kry van die bestuur van die bediening, toerusting na te sien en verdere potensiaal te ondersoek. Meer besoeke het gevolg na Dirk v/d Spuy se vertrek om die vordering te monitor weens gebrekkige kommunikasie soos hierbo vermeld.

5. LAAGTEPUNTE

- Dreigende staking van programopstellers weens te min vergoeding wat uitgawes verhoog het en druk op die beperkte bronne van inkomste geplaas het.
- Die skielik vertrek van die Van Der Spuy's na aanvanklike blydschap dat 'n waardige plaasvervanger vir die Van Der Merwes gevind is.
- Die beskadiging en uitwerkingstelling van toerusting weens weerligskade.
- Die onsuksesvolle pogings om 'n geskikte plaasvervanger te kry om as ateljeebestuurder op te tree.
- Die inbraak wat plaasgevind het en die bediening tot stilstand gebring het.
- Die uiteindelijke besef dat die bediening nie kan voortgaan sonder 'n bevoegde persoon wat al die fasette daarvan kan bestuur en optimaal benut nie wat gelei het tot die sluiting van die bediening.
- Die bekendmaking aan die Omwiwa Yesu Bestuur en die programopstellers dat die bediening gesluit gaan word.

6. HOOGTEPUNTE

- Die toetrede van UCB-Africa wat die implementering van die bediening moontlik gemaak het tov toerusting, opleiding en finansiering.
- Die 1ste program van 30 minute wat uitgesaai is.
- Die reaksie wat daarop gevolg het van positiewe briewe deur luisteraars.
- Die impak wat die bediening op die breë gemeenskap gehad het – mense wat hulle opnuut bekeer van hul verkeerde weë en na die kerk terugkeer of tot geloof gekom het.
- Die guns wat die bediening geniet het by die plaaslike owerheid in besonder die Polisie.
- Die samewerking van die verskillende kerke wat by die bediening betrokke geraak het.

7. AFSLUITING

Die visie-stelling in die aanvanklike voorlegging aan UCB-Afrika vir hul moontlike betrokkenheid, het as volg gelui:

- Om die onbereiktes met die evangelie van Jesus te bereik.
- Om die plaaslike kerke tot hulp te wees in dissipelering van gelowiges.
- Om die eenheidsband onder plaaslike hoofstroom kerke te bevorder.

Ons glo dat ons daarin geslaag het om genoemde punte te verwerklik. Het ons al die voordele wat die radio in Afrika bied ten volle benut? Verseker nie. Daar is nog soveel meer wat gedoen kon word. Ons het eintlik nog net met die top van die ysberg gewerk. Soveel energie en tyd is gespandeer om die bediening tot stand te bring dat die skielike beëindiging daarvan 'n groot antiklimaks is. Tog glo ons dat waar een deur toegaan, God weer 'n deur laat oopgaan om die evangelie na alle nasies te neem.

Groot dankie aan UCB-Africa, NG Stilfontein-Sentraal, NG Rietfontein-Suid en die individuele ondersteuners wat hierdie bediening moontlik gemaak het. Ons grootste dankie aan ons hemelse Vader wat dit alles geïnisieer het en ons in staat gestel het om vir 'n oomblik die vreugde van deelname te kon kry in die verkondiging van die evangelie aan verlorene. Mag die vrug daarvan Hom behaag.

Nuus vanaf Allen & Ansie van der Merwe:

Nuusbrief: Februarie 2015

Dankie dat jy die tyd afstaan om ons nuusbrief te lees en ook vir ons te bid.

Ons het weer die nuwe jaar binne gestap met groot voornemens om die wereld te bekeer. Dit is egter onmoontlik vir ons as mense, maar met jou gebed wat ons dra en die begeerte in ons hart om die wil van die Here uit te leef sien ons kans om weer die jaar deur te werk en mense op 'n persoonlike vlak te bereik en so siele vir Jesus te werf.

Jesus se opdrag aan ons was gaan en maak dissipels, dit is ons enigste werk, Hy sal die res doen. Daarom is dit noodsaaklik dat ons te alle tye in die wil en weg van die Here moet lewe. Soms is dit vir ons moeilik om aan die gang te bly hier, daar is geen motivering behalwe dat mense verlore gaan sonder Jesus.

Met ons bediening nou in die begin van die nuwe jaar gaan dit stadig maar seker, met die skole wat weer op 15 Februarie begin het, kan ons weer met die sondegskool begin en ook weer die nuwe jaar se dissipelskap kursus begin.

Ons is nog betrokke by Binjeni gemeente sowat 40km Noord van Xai Xai en dan ook nou by 'n kerkie oorkant die pad van ons huis, hulle is 'n klein groepie mense. Soos met meeste bos kerkies hier in Mosambiek is daar meer vrouens en kinders as mans betrokke.

Ek, Ansie gaan daar ook begin met 'n handvaardigheids projek onder die vrouens en Sondagskool met die kinders.

In 'n vorige nuusbrieff het ek gemeld dat ons in Macia gaan begin met 'n gemeente, ons kon nog nie tot dusver begin het daarmee nie. Omdat ons ook kerkraad lede is van die NG kerk hier, moet ons dit eers bespreek met die raad en sal hul dan vir ons los om daar ook te kan gaan diens doen.

Ons het slegs Sondag tot ons beskikking vir dienste en sal dan om die beurt elke Sondag by 'n ander gemeente betrokke wees.

Ons radio projek is steeds vol aan die gang, hulle is tans besig om die gemeenskap te verduidelik wat dit beteken as jy bekeer en 'n nuwe lewe in Christus leef.

Michaqa ons medewerker het met sy besoek aan ons, bietjie terugvoer gegee rondom sy werk in die tronke. Daar is van die owerhede wat graag wil he dat ons die Jesus film weer in die tronke moet begin vertoon. Dit is egter nie haalbaar nie, van die tronke is tot in Maputo gelee en heeltemal buite ons werk area. Omdat Allen ook werk by die saagmeule kan ons nie so ver van die huis af werk nie.

Michaqa is steeds ons hande en voete in die tronk met die dissipelskap kursus, hy het ook met sy besoek aan ons met die motorfiets wat vir hom aangekoop is kon ry, dit lyk of hy mooi regkom. Ons kan dit nog nie aan hom gee voor hy nie vir ons sy bestuurslisensie kan toon nie, en dit lyk my is maar 'n stadige proses hier. Ons het ook nog nie die fiets ingevoer nie, ons wil dit sommer direk op sy naam sit.

Op 'n meer persoonlike noot: Eers kon ons nie langer as 30 dae op 'n keer in Mosambiek bly nie, nou kan ons nie uit die land kom nie, omdat ons verblyf permitte wat tans nie uitgereik is nie, mag ons slegs die land verlaat met 'n toestemmingsbrief, waarvoor mens 'n week voor jy uit die land wil gaan moet aansoek doen. Dus moes ons kanseleer op gemeente besoekke en daarvoor is ons baie jammer dat ons van julle verontrief het. Gesondheids gewys gaan dit goed, ons is wonderbaarlik albei gesond.

Ons dank die Here vir Sy getroue hand wat Hy oor ons hou en bid ook dat Hy ons bediening sal sien en ons van krag tot krag sal gebruik waar Hy dit nodig mag vind.

E-pos: 19 Maart 2015

Vandag het ons soos altyd op 'n Saterdag middag uitgery Binheni gemeente toe.

Oppad sien ek 'n dogtertjie met 'n 25 liter waterkan op haar kop, en wonder toe of sal ek en jy so stap? Ek kan nie eers so 'n waterkan vol water optel nie.

Dit het my laat dink aan watse opoffering dit moet wees om so te leef. Tog is dit vir hierdie mense normaal, vir meeste van hulle is dit al wat hulle ken.

Daar is geen krag by hulle modder en gras huisies nie, party het net 'n kers, ander wat baie arm is sommer net 'n kampvuur. En dan is daar die ryker een met 'n sonpaneel, motor batery en een lig.

Sommige het fietse en ander loop kilometers ver. En dan is daar natuurlik die Taxi of 'n oop bak bakkies as publieke vervoer. Waar jy soos een van die vroue my vertel het, jou lewe waag as jy inklim en bid tot jy uitklim.

Ons sit onder die boom by die pastor op Binjeni se huisie. Die hoenders en varkies loop oral om ons en op die werf rond en skrop vir iets om te eet, hulle is maar erg maer. Die reën is min en die oes op die lande is swak. Ons reën seisoen is oor 'n maand verby en daar is min groen hier rond, dit is net sand. Die twee varke so entjie verder, in 'n hok gemaak is van sleeper balke het net droë mielieblare om te eet, geen water, want dit is baie skaars.

(Allen sê hy dink hy moet die pastor se varkhok oor bou met ander planke vir die sleepers).

Die pastor se vrou kom nader en nooi ons om te kom eet,

Ons stap in die huisie in, dis baie eenvoudig, 'n rou sementvloer sonder 'n plafon en geen deure aan die binne vertrekke of gordyn kappe nie, die gordyne hang aan bloudraad en is vas in die muur met groot spykers. Die huis is nog ver van klaar gebou, pastor vra onverskoning vir sy huis, hy bou al 'n paar jaar aan die plek want die geld is maar min.

Op die tafel is opgekookte Kasawa wortels en 'n piering vol Kashew neute vir middag ete en dan 'n koppie koffie met bruin suiker en melkpoeier, die vorige keer toe ons daar was moes ons swart tee sonder suiker geniet, maar eers moet ons net hande was en bid vir die kos.

Uit my hart uit kry ek hierdie mense jammer, en wonder wat kan ek doen wat sal help om hulle nood te verlig. Ek vra toe maar, "kan ek 'n klompie Kashew neute koop asseblief"? Dalk sal 'n geldjie help. Die pastor sê dis reg, maar in plaas van die geld te gee moet ek asseblief vir hulle liever 'n boksie van 50 pakkies aanmaak koeldrank bring, (dit is sulke klein sakkies wat 2 liters koeldrank maak). Sy vrou kan dit verkoop en dan uit daardie geldjies vir hul rys koop. En net daar besef ek dat voorraad vir 'n klein winkeltjie, waarmee sy geld kan maak sal vir hul 'n oplossing wees.

Die pastor is amper blind, hy kan jou gladnie sien as jy 'n meter ver van hom staan nie. Bid asseblief saam met ons vir genesing op sy oë, vir God is niks onmoontlik nie, en ons bid werklik hier vir 'n wonderwerk. As hy sy sig verloor gaan dit werklik baie swaarder gaan.

Hulle kerkie is baie klein en bestaan hoofsaaklik uit vroue en kinders, die mans het elders gaan werk en meeste van hulle kom nie terug nie, daar is ook kinders wie se pa's oorlede is. Die groter mederheid is weeskinders en word deur oumas of tannies versorg. Ook maar soos almal is hulle sonder skoene en net net geklee. Die kerkie is te klein en te arm om om te sien na die wesies, hul kolekte op 'n Sondag bring 'n skrale R10 in, soms net 'n rand, of twee eiers en 'n doekie vol meel of rys.

Dit breek my hart om na hierdie mense in die gemeenskap te kyk en te weet ons as mense kan nie 'n verskil in almal se lewe maak nie, maar verseker in een op 'n slag. Vir ons is dit 'n groot voorreg om in hierdie gemeenskap te kan dien en vir hulle die woord te bring.

Bid dat ons Verlosser Jesus Christus hulle lewens sal aanraak en hulle nood verlig, maar bo alles hulle sal verlos van voorvader aanbiddings en geeste wat al vir dekades hierdie mense bind. Ons hoor gedurig Afrika dromme oral om ons, dan kan ons maar net bid en vertrou.

Bid ook vir ons gesin dat ons sal doen dit wat die Here wil.

Baie dankie vir jou tyd en gebed. Mag die seen van ons Vader jou dag inkleur.

Nuusbrief: April 2015

Ek het net weer beleef hoe finaal die dood is in hierdie maand waar ek 'n familie moes help om hulle broer en seun se lyk te gaan haal by die hospitaal en hom na hul huis te neem. Die hartseer wat die mense deurgaan was vir my so hartverskeurend ek het sommer saam gehuil. Ook vir my was dit net verskriklik hartseer om te moet toekyk hoe 'n pa self sy seun in die kis wat Allen vir hulle laat maak het neerle, daarna is ons na hulle huis sowat 23km verder waar die pa ook self sy kind moet was en begrawe. Hoe hartseer is dit nie vir 'n ouer nie? Hulle is maar 'n arm gesinnetjie en kan nie die luuksheid van duur kis en al daai mooi dinge wat gepaard gaan met 'n begrafnis doen bekostig nie. Soms dink ek nie ons besef wat in die wereld om ons gebeur nie, soveel dae gaan verby en ons is so besig met ons eie dinge dat ons die nood en leed daar buite mis kyk.

Ons Radio projek gaan goed aan, ons is so opgewonde! Die pastors ontvang nou smse van die luisteraars om hulle te bedank vir die program op die radio. Met die vorige vergadering het hulle ook gese dat hulle besig is met besprekings om lugtyd op die radio te bekom, aangesien die finansiele ondersteuning uit Suid Afrika by Julie maand gaan ophou.

Met die dissipelskap gaan dit ook goed, ons het met twee nuwe groepe begin, een by die kerkie oorkant die hoofpad waar ons woon. Ons besoek die kerkie elke derde Sondag waar Allen dan in die diens die dissipelskap met hulle behandel terwyl ek besig is met die kinders in kinderkerk. Die ander groep is in Xai Xai by die Bybelskool, daar is 'n groep van

20 studente, wat ook saam aan die dissipelskap werk. Allen gaan besoek hulle net om leiding te gee, verder gaan hulle op hul eie stoom aan en kom mooi reg.

Die naaldwerk klasse gaan ook goed aan, die masjiene is maar in `n toestand, maar gelukkig is my klas klein en kan ons oor die weg kom met die twee masjiene wat reg is. Die vrouens is baie opgewonde oor die klasse.

Ons is tans in Suid Afrika om Allen se bloeddruk pille aan te pas. Hy het die laaste tyd met konstante hoofpyn geloop en dit was vir ons kommerwekkend, ons kon dit nie net so los nie. Dokter het bloed toetse laat doen en ons wag tans vir die uitslae. Daar was onsluste as gevolg van die Xenophobia hier in SA en die grenspos was gesluit, die Mosambiekers het die SA mense gekeer om die land binne te gaan. Bid asseblief saam met ons dat almal se gemoedere sal bedaar en dat ons by dan weer terug sal kan gaan na ons huis.

Die Here het dit op my hart gele om `n blad op die sosiale netwerk Facebook te begin waar mense bewus gemaak word om vir Suid Afrika te bid, as jy op fb is gaan "like" die blad en bid saam met ons asseblief. "Suid Afrika keer terug na God" is die naam van die blad.

Bid ook saam met ons vir:

Die radio projek, dat die Here dit sal sien endat die uitsendings elke persoon wat bereik word sal aanraak en dat die Here hulle sal sien.

Vir Allen se gesondheid, dat die Here hom tenvolle sal genees.

Dankie ook aan die Vader vir Sy getroue beskerming en sien oor ons.

LAUDIUM Outreach Group (LOG)

As prayer is the most important work of reaching people with the Gospel of Jesus Christ. Please see the following prayer requests:

- Sunil (husband), Menisha (wife), Angelie (daughter), Meelan (son). They are from a Hindu background, but so open for the Good News of Jesus Christ. Several team members had the impression that this family is so close to come to faith in Jesus Christ. Please pray that it will happen.
- Sister Lutricia Cassim and Family – Muslim background
- Lushen and Dilshaad – Muslim and Hindu background
- Shane Padayachee and family – lost his son in a shooting, needs to recommit to serving the Lord. Presently not serving or attending any church

- Shawn and Nadia Family – pray for deliverance and commitment, Nadia from Muslim Background
- Dinesh Reddy – in a backslidden state, alcohol and drugs
- Rosy and Ludie Poonsamy – fairly regular in church. Need to pray for their 5 children to make a commitment to Jesus.
- A young man Nishen, he was a Hindu and gave his heart to Jesus: He was previously using drugs, and still fighting this. He knows his only hope is Jesus. His girlfriend, Naazmira was also pulled in the drugs. She has an Islam background and needs a lot of prayer support. Please also pray for his father Pregha, a staunch Hindu. The mother Vani, would like to become a Christian, however the husband does not make it easy for her.
- I visited a Muslim man, a sign writer, just after Easter. I had visited him many times before and have a good relationship with him but I always find it difficult to get the Gospel across to him as he normally diverts from religious conversation to speak about mundane matters. However on this last visit I spoke about Easter and shared the whole Gospel message using Easter as my starting point. I spoke about the death of Christ for our sins and the fact that we have hope lies in the resurrection of Christ. My friend listened intently to the whole message without diverting to another topic. Please pray that the message of the cross will produce faith leading him to salvation in Jesus Christ.
- Please pray for Gail, she made a commitment to Jesus recently. She stays in a house with other Hindus – please pray for her spiritual growth and steadfastness.
- Please pray for Goni, Saeed and Malisa – all living in White Blocks and having a problem with substance abuse. Goni and Malisa has given their lives to Jesus – please pray that they will fully trust in Him to be freed from the substance abuse and that they may grow spiritually. Also pray for Saeed, as he is a Muslim man, and we perceive he is a man of peace.
- Others in White Blocks that we need to pray for is Sonnyboy and Heidi – Christians, however also bounded through substance abuse. Also pray for Kevin, Ravi and Moerti.
- Please pray for Ismail, and his wife Nisha and daughters Jusria, Samira and, Hasina. Ismail is a man of peace, however his wife and daughters are arguing that Islam and the Gospel of Jesus Christ are all ways to make right with God.

Thanks for your prayer support!

Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Ek is steeds besig om op die Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg.

Bly asseblief aanhou bid vir nog geleenthede by gemeentes vir die res van die jaar.

Indien u deurlopend (so een keer in die loop van 'n week/2 weke) terugvoer wil kry via sms en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgegroepe of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:

Die noordelike streek van Roemenië verteenwoordig een van die mees interessante toeristaantreklikhede as gevolg van die ryk godsdienstige en kulturele erfenis daarvan, asook die boeiende landskappe. Toeriste kan talle kloosters en kerke, die huise van nasionale skrywers, of die ou en invloedryke universiteit by Iasi besoek.

Aan die anderkant van die ou mure van die kloosters of selfs die sprokiesagtige landskappe, woon daar egter werklike mense wat hulle eie argaïese, primitiewe lewens in die heuwels van Iasi provinsie lei.

Niemand wat dit regkry om hulle wêreld te bereik, kan ongevoelig tot hulle omstandighede bly nie.

Iasi provinsie is op die grens van Moldawië, in die noordelike streek van Roemenië, geleë. Die landskap van Iasi is kenmerkend grasvlaktes; die ekonomie van die provinsie is dus op landbou gebaseer. Die inwoners van die landelike gebiede leef in volslae armoede, met 'n gebrek aan selfs die mees basiese geriewe en noodsaaklikhede. Die infrastruktuur is so skraps ontwikkel dat water- en gasaansluitings nie bestaan nie, en ook nie 'n rioolstelsel nie. 'n Mens kan jou nie eintlik indink hoe dit moet wees om jou hele lewe lank sonder 'n verwarmingstelsel, stoof, yskas of badkamer te moet leef nie.

Ewemin kan hulle hulself indink wat dit beteken om 'n binnenshuise kombuis, toilet, stort of selfs hulle eie beddens te hê. Die huise is elementêr gebou van grond en strooi, en die meeste daarvan bestaan uit slegs een vertrek. Die mense gebruik primitiewe houtstowe om beide die huis te verhit en kos te kook. Die primitiewe toilette is altyd buitenshuis; net soos die waterputte.

Hierdie toestande heers ten spyte daarvan dat Roemenië 'n lid van die Europese Unie is!

Die natuur het hulle ook nie genade betoon nie. Die winters is onmenslik koud, met baie groot hoeveelhede sneeu; en in die somers is daar 'n groot getal vloede en aardverskuiwings. Die mense moet baie maal, na sulke gebeurtenisse, 'n nuwe begin maak en hulle geringe huisies herbou. Hulle het nie die finansiële vermoë om meer weerbestande huise te bou nie; ook nie om na veiliger gebiede te trek nie.

Die meeste mense het nie werk nie, omdat daar nêrens in die streek werksplekke is nie. Hulle het gevolglik slegs twee opsies: óf een van die ouers moet in die vreemde gaan werk, óf hulle moet volhard om van welsynsvoordele te leef, 'n inkomste wat veels te min is om in selfs hulle basiese behoeftes te voorsien. Dit staan vas dat armoede dikwels lei tot gebroke gesinne, alkoholis-ouers, ellende en 'n gebrek aan opvoeding. Die bose kringloop word herhaal met hulle kinders, wat baie selde in staat is om verder as hulle ouers te kom.

Die vraag wat natuurlik ontstaan, is: "Wat kan gedoen word ten einde hulle lewenstoestande te verbeter en om hulle te help om uit hulle ellende te ontsnap?" In die eerste plek moet hierdie mense hulle geloof en vertrouwe in God stel; 'n groot stap wat in enige lewe vereis word ten einde betekenisvolle en sinvolle veranderinge teweeg te bring.

Sending Sonder Grense Roemenië gee aan hierdie mense 'n kans om juis dit te doen; en selfs meer. Baie kinders en gesinne word nou deur ons KRI in Gemeenskapsentrums en Gesin-tot-Gesin-programme op beide 'n geestelike en materiële vlak gehelp. Die kinders by KRI in Gemeenskapsentrums het verlede somer ons somerkampe bygewoon; dit was vir hulle geheel en al 'n nuwe ondervinding. By die **somerkampe** het hulle die geleentheid gehad om etlike dae in 'n ander omgewing te spandeer en om van die liefde van God te leer. Verder word die gesinne ook gehelp deur die aflewering van kos, klere en ander goedere – dit maak alreeds 'n groot verskil in baie van hulle se lewens.

Ons bid dat SSG Roemenië 'n beduidende impak in hierdie streek sal maak en dat baie meer mense in die dae wat voorlê deur God se liefde en Sy genade verander sal word.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy
Sending Sonder Grense
Koerde

Ds Leon Tait
082 601 4235

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street
079 525 5695
Carl de Beer
083 443 9256

Mosambiek radiostasie

Carl de Beer
083 443 9256

Gebedsketting
Laudium

Alet Briers
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen
084 652 8773
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

Sending (as deel van die nuwe Diensgetuienisbediening)

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.
By voorbaat dank, Sending taakspan